

Argief.

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Vrydag 1 Mei 1970 WINDHOEK Friday 1 May 1970 No. 3070

INHOUD

CONTENTS

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

GOVERNMENT NOTICES:

No.	52	Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Vleisen Slagplaasregulasies
No.	53	Jagregulasies vir 1970
No.	54	Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951: Afskaffing en Verwydering van ou Lokasie, Usakos
No.	55	Munisipaliteit Grootfontein: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies
No.	56	Private Wildreserwe Walvisbaai: Regulasies
No.	57	Munisipaliteit Gobabis: Personeelregulasies
No.	58	Munisipaliteit Windhoek: Finansiëleregulasies
No.	59	Ordonnansie op Winkelure en Winkelbediendes 1939: Wysiging van die Openings- en Sluitingsure van Winkels in Outjo
No.	R.612	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae I (No. 1/1/18)
No.	R.613	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 2 (No. 2/64)
No.	R.614	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/227)
No.	R.615	(Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/61)

Municipality of Windhoek: Amendment of Meat and Abattoir Regulations	433
Hunting Regulations for 1970	437
Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951: Abolition and Removal of Old Location, Usakos	437
Municipality of Grootfontein: Amendment of Native Location Regulations	437
Walvis Bay Private Game Reserve: Regulations	438
Municipality of Gobabis: Staff Regulations	439
Municipality of Windhoek: Financial Regulations	440
Shop Hours and Shop Assistants Ordinance, 1939: Amendment of Opening and Closing Hours of Shops at Outjo	447
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule I (No. 1/1/18)	448
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 2 (No. 2/64)	448
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/227)	449
(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/61)	450

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

GENERAL NOTICES:

No.	221	(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Hersiening van Spesifikasies
No.	222	(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Wysiging van Spesifikasies
No.	223	(Republiek) S.A. Buro vir Standaarde: Verklaring van Standaardmerk
No.	240	(Republiek) Bouverenigingsopgawe — Februarie 1970

(Republic) S.A. Bureau of Standards: Revision of Specifications	451
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Amendment of Specifications	452
(Republic) S.A. Bureau of Standards: Declaration of Standardization Mark	455
(Republic) Building Societies Return — February 1970	456

ADVERTENSIES:

ADVERTISEMENTS: 457

Goewermentskennisgewings.

Government Notices.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 52.]

[1 Mei 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings van die Vleis- en Slagplaasregulasies van die Munisipaliteit van Windhoek, soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 137 van 1959 en gewysig by Goewermentskennisgewings 146 van 1960 en 30 en 256 van 1965:

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

WYSIGING VAN VLEIS- EN SLAGPLAAS- REGULASIES.

(1) Vervang die woordskrywing van „slagplaas” in regulasie 1 deur die volgende:

„slagplaas”; abattoir soos omskryf in artikel 1 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963);”

(2) Voeg die volgende woordskrywing in voor die omskrywing van „munisipaliteit” in regulasie 1:

„munisipale slagplaas” — die slagplaas wat deur die Raad bestuur word;”

(3) Voeg die volgende woordskrywings in na die omskrywing van „munisipaliteit” in regulasie 1:

„permit” ’n permit uitgereik ingevolge regulasie 41; „private slagplaas” enige slagplaas uitgesonderd ’n munisipale slagplaas;”

(4) Vervang regulasie 2 deur die volgende regulasie:

„2. Niemand mag binne die munisipaliteit enige dier, waarvan die vleis vir menslike gebruik bedoel is, slag nie, behalwe in ’n munisipale of ’n private slagplaas, goedgekeur ooreenkomstig regulasie 41;”

(5) Voorsien Hoofstuk II van die volgende opskrif:

„MUNISIPALE SLAGPLAAS”

(6) Voeg die volgende nuwe regulasie in voor regulasie 18 in Hoofstuk II:

„17A Regulasies 18 tot 39 is slegs van toepassing op munisipale slagplase en elke verwysing in hierdie hoofstuk na ’n slagplaas moet vertolk word as ’n verwysing na ’n munisipale slagplaas;”

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 52.]

[1 May 1970

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendments of the Meat and Abattoir Regulations of the Municipality of Windhoek promulgated by Government Notice 137 of 1959 as amended by Government Notices 146 of 1960 and 30 and 256 of 1965:

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

AMENDMENT OF MEAT AND ABATTOIR REGULATIONS.

(1) Substitute the following definition for the definition of “abattoir” in regulation 1:

“‘abattoir’ shall mean an abattoir as defined in section 1 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);”

(2) Insert the following definition before the definition of “municipality” in regulation 1:

“municipal abattoir” shall mean the abattoir managed by the Council;

(3) Insert the following definitions after the definition of “municipality” in regulation 1:

“Permit” shall mean a permit issued in terms of regulation 41;

“private abattoir” shall mean any abattoir excluding a municipal abattoir;”

(4) Substitute the following regulation for regulation 2:

“2. No person shall, within the Municipality, slaughter any animal, the meat of which is intended for human consumption, in any place other than a municipal abattoir or a private abattoir approved in accordance with regulation 41;”

(5) Provide Chapter II with the following heading:

“MUNICIPAL ABATTOIR”

(6) Insert the following new regulation before regulation 18 in Chapter II:

“17A Regulations 18 to 39 shall be applicable to municipal abattoirs only and any reference to an abattoir in this chapter shall be interpreted as a reference to a municipal abattoir.”

(7) Voeg die volgende hoofstuk in na regulasie 39:

HOOFTUK III

PRIVATE SLAGPLASE

40. Regulasies 41 tot 49 is van toepassing net op private slagplase.

41. (1) Niemand mag 'n private slagplaas in die munisipaliteit instel en in stand hou nie, tensy die goedkeuring van die Raad vooraf verkry is en 'n permit in 'n vorm deur die Raad voorgeskryf onder die handtekening van die stadsklerk, uitgereik is. Elke aansoek om sodanige permit of hernuwing daarvan, moet geskied op 'n vorm deur die Raad voorgeskryf.

(2) Die permit moet die naam van die eienaar van die slagplaas bevat en is geldig vir 'n tydperk wat deur die Raad bepaal word.

(3) Aansoek om hernuwing van die permit moet die stadsklerk minstens 60 dae voor die vervaldatum bereik.

(4) As om enige rede versuim is om betyds om 'n hernuwing aansoek te doen of as 'n aansoek om 'n hernuwing nie betyds oorweeg is nie, kan die stadsklerk 'n ydelike permit van hoogstens 60 dae uitreik.

42. 'n Permit wat ingevolge regulasie 41 uitgereik is, vervel —

- (a) wanneer die eienaar van die slagplaas ophou om die eienaar daarvan te wees;
- (b) wanneer die tydperk ten opsigte waarvoor 'n permit uitgereik is, vervel het;
- (c) wanneer die permit ingevolge regulasie 48 ingetrek is.

43. Niemand mag 'n slagplaas dryf of in stand hou tensy die Raad die uitleg daarvan, die geboue, strukture of vaste toerusting wat deel van die abattoir uitmaak, oedgekeur het nie.

44. Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die Raad:—

- (a) die uitleg van 'n slagplaas weselik verander nie;
- (b) 'n gebou, struktuur of vaste toerusting wat deel van sodanige slagplaas uitmaak, sloop, verwyder of verander nie, of
- (c) 'n gebou, struktuur of vaste toerusting by so 'n slagplaas oprig of installeer nie.

45. (1) Tensy die Raad anders bepaal, moet elke private slagplaas ook as 'n openbare slagplaas fungeer waar agters en die algemene publiek diere kan laat slag teen 'n betaling van die gelde in hierdie regulasies.

(2) Die daaglikse slagprogram van 'n private slagplaas wat ook as 'n openbare slagplaas fungeer, is onderworpe aan die goedkeuring van die hoofgesondheidsinspekteur, wat, indien hy meen dat nie voldoende voorsiening gemaak is vir die slag van diere van slagters in die munisipaliteit en persone wat in die munisipaliteit woonagtig is nie, sodanige wysiging aan die slagprogram aan gelas of sodanige opdragte kan gee as wat hy goed vind.

(3) Die eienaar van 'n private slagplaas wat hom deur enige lasgewing of bevel van die hoofgesondheidsinspekteur veronreg ag, kan by die raad appelleer, wie se beslissing finaal is.

(4) Geen gelde mag gevra word vir enige diens deur 'n private slagplaas gelewer nie tensy sodanige gelde in anhangsel A hiervan neergelê is.

(7) Insert the following chapter after regulation 39:

“CHAPTER III

PRIVATE ABATTOIRS

40. Regulations 41 to 49 shall be applicable to private abattoirs only.

41. (1) No person may establish or maintain a private abattoir in the municipality unless the approval of the Council has been obtained beforehand and a permit in a form prescribed by the Council has been issued under the signature of the town clerk. Every application for such permit or renewal thereof shall be made on a form prescribed by the Council.

(2) Such permit shall contain the name of the owner of the abattoir and shall be valid for a period to be determined by the Council.

(3) Application for the renewal of the permit shall reach the town clerk at least sixty days before the date of expiration.

(4) If for any reason, application for renewal has not been made in proper time or if any application for renewal is not considered in proper time, the town clerk may issue a temporary permit valid for no more than 60 days.

42. A permit issued in accordance with regulation 41 shall lapse:

- (a) when the owner of the abattoir ceases to be the owner thereof;
- (b) when the period for which a permit has been issued, has lapsed;
- (c) when the permit has been withdrawn in accordance with regulation 48.

43. No person shall conduct or maintain an abattoir unless the Council has approved its lay-out, the buildings, structures or fixed equipment forming part of the abattoir.

44. No person shall without the prior written approval of the Council:

- (a) substantially alter the lay-out of an abattoir;
- (b) demolish, remove or alter a building, structure or fixed equipment which forms part of such abattoir, or
- (c) erect or install a building, structure or fixed equipment at an abattoir.

45. (1) Unless the council determines otherwise, every private abattoir shall also function as a public abattoir where butchers and the general public's animals may be slaughtered on payment of the fees laid down in these regulations.

(2) The daily slaughtering programme of a private abattoir which also functions as a public abattoir, is subject to the approval of the chief health inspector, who, if he is of the opinion that sufficient provision has not been made for the slaughtering of the animals of butchers in the municipality or persons resident in the municipality order such amendments to the slaughtering programme or give such orders as he deems fit;

(3) The owner of a private abattoir aggrieved by any order or direction may appeal to the Council whose decision shall be final.

(4) No fees shall be charged for any service rendered by a private abattoir unless such fees have been laid down in Annexure A.

46. Niemand mag by 'n private slagplaas 'n dier anders slag nie as in ooreenstemming met 'n humane metode deur die Raad goedgekeur.

47. (1) Alle diere wat bestem is om by 'n private slagplaas geslag te word en alle vleis en dierlike produkte wat verkry word van 'n dier wat by 'n private slagplaas geslag word, moet deur 'n gesondheidsinspekteur van die Raad geïnspekteer word.

(2) Niemand mag 'n dier by 'n private slagplaas slag nie tensy sodanige dier ingevolge voorgaande subregulasie geïnspekteer is.

(3) Niemand mag vanuit 'n private slagplaas enige vleis of dierlike produkte verwyder nie wat verkry is van 'n dier wat by sodanige slagplaas geslag is, tensy sodanige vleis of dierlike produk ingevolge subregulasie (1) geïnspekteer is."

48. Indien enige bepaling van hierdie regulasies of enige bepaling van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos op die Gebied toegepas by Publiek Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920) of enige regulasie daarkragtens gemaak, oortree word deur die eienaar van 'n private slagplaas, sy werknemer of sy agent, kan die Raad 'n bevel aan die eienaar van die slagplaas bestel waarin hy gelas word om aan die vereistes van enige sodanige bepaling of regulasie te voldoen binne 'n tydperk vermeld in sodanige bevel, en indien die eienaar daarna versuim om aan sodanige bepaling of regulasie te voldoen, kan die Raad, onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur en nadat hy geleentheid aan sodanige eienaar gegee het om skriftelike vertoë in verband met die saak te rig, die permit van 'n datum deur die Raad bepaal, intrek;"

(9) Hernommer regulasies 40 en 41, 50 en 51 onderskeidelik;

(10) Vervang aanhangsel A deur die volgende aanhangsel:

„AANHANGSEL A

HEFFINGSTARIEF

KRAAL- EN HOKGELDE:

Beeste, groot of klein stuk	15c per 24 uur
Varke, stuk	15c per 24 uur
Skape en bokke, stuk	10c per 24 uur

SLAG-, AFSLAG- EN INSPEKSIEGELDE:

Beeste — 100 lb gewig en meer	R1.80
Kalwers — onder 100 lb gewig	R1.05
Skape en bokke	R0.60
Varke — 100 lb gewig en meer	R1.75
Varke — onder 100 lb gewig	R1.00

AFVALBEWERKINGSGELDE:

Vir elke bul, os, koei, vers, tollie of kalf:	
(a) Ingewande was	R0.10
(b) Kop en pote was	R0.10
Vir elke bok, lam of skaap:	
(a) Ingewande was	R0.10
(b) Kop en pote was	R0.10
Vir elke vark:	
(a) Ingewande was	R0.10
(b) Pote was	R0.10

HUIDE EN VELLE:

Vir die skoonmaak en sout van elke huid of vel	R0.15
--	-------

46. No person shall slaughter any animal at a private abattoir otherwise than in accordance with a humane method of slaughter approved by the council.

47. (1) All animals intended for slaughtering at a private abattoir and all meat and animal products derived from any animal slaughtered at a private abattoir shall be inspected by a health inspector of the Council.

(2) No person shall slaughter any animal at a private abattoir unless such animal has been inspected in accordance with the preceding subregulation.

(3) No person shall remove from a private abattoir any meat or animal product derived from any animal slaughtered at such abattoir unless such meat or animal products has been inspected in accordance with subregulation (1).

48. If any provision of these regulations or the provisions of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919) as applied to the Territory by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920) or any regulation made thereunder is contravened by the owner of a private abattoir, his employee or agent, the Council may serve an order upon the owner requiring him to comply with any such provision or regulation within a period to be stated in such order and should the owner thereafter fail to comply with such provision or regulation the Council may, subject to the approval of the Administrator and after it has given such owner opportunity to submit written representations to it in connection with the matter, withdraw the permit as from a date to be determined by the Council."

(9) Renumber regulations 40 and 41, 50 and 51 respectively.

(10) Substitute the following Annexure for Annexure A.

“ANNEXURE A.

TARIFF OF CHARGES.

LAIRAGE FEES:

Cattle, large or small each	15c per 24 hours
Pigs each	15c per 24 hours
Sheep and goats each	10c per 24 hours

FEES FOR SLAUGHTERING, DRESSING AND INSPECTION:

Cattle 100 lbs. weight and over	R1.80
Calves under 100 lbs. weight	R1.05
Sheep and goats	R0.60
Pigs 100 lbs. weight and over	R1.75
Pigs under 100 lbs. weight	R1.00

FEES FOR DRESSING OF OFFAL:

For every bull, cow, heifer, tolly or calf:	
(a) Washing of entrails	R0.10
(b) Washing of head and trotters	R0.10
For every sheep, lamb or goat:	
(a) Washing of entrails	R0.10
(b) Washing of head and trotters	R0.10
For every pig:	
(a) Washing of entrails	R0.10
(b) Washing of head and trotters	R0.10

HIDES AND SKINS:

For cleaning and salting of every hide or skin	R0.15
--	-------

VERKOELINGS- EN BEVRIESINGSSELDE:

- (a) Verkoelingsgelde:
- (i) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas onder 100 lb R0.10 per 24 uur
 - (ii) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas van 100 lb en swaarder R0.15 per 24 uur
 - (iii) Soos en wanneer ruimte beskikbaar is kan ander produkte en goedere in die kamers geberg word op risiko van die eienaar teen . . . R0.15 per 100 lb of gedeelte van 100 lb
- (b) Bevriesingskamer:
- (i) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas onder 100 lb R2.00 per 14 dae
 - (ii) Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas van 100 lb en swaarder R2.50 per 14 dae
 - (iii) Soos en wanneer ruimte beskikbaar is kan ander produkte of goedere in die kamer geberg word op risiko van die eienaar teen . . . R0.20 per 24 uur vir elke 100 lb of gedeelte van 100 lb

CHILLING AND FREEZING FEES:

- (a) Chilling fees:
- (i) For every carcass or portion of a carcass of less than 100 lbs. R0.10 per 24 hours
 - (ii) For every carcass or portion of a carcass 100 lbs and over R0.15 per 24 hours
 - (iii) If and when space is available, other products or goods may be stored in the chilling rooms at owner's risk, at a fee of R0.15c per 100 lbs. or portion thereof
- (b) Freezing fees:
- (i) For every carcass or portion of a carcass of less than 100 lbs. R2.00 per 14 days
 - (ii) For every carcass or portion of a carcass of 100 lbs. and over R2.50 per 14 days
 - (iii) if and when space is available, other products or goods may be stored in the freezing chambers at owner's risk at a fee of R0.20 per 100 lbs. or portion thereof per 24 hours

WAS EN SKOONMAAK VAN VOERTUIG:

Per kaartjie, wat die houer die reg gee om 'n voertuig eenmaal te was en/of skoonmaak . . . R0.05

WASHING AND CLEANING OF VEHICLES:

Per ticket, which shall entitle the holder to have a vehicle washed and/or cleaned once . . . R0.05

INSPEKSIEGELDE:

- Vir die ondersoek van karkasse wat van buite ngebring is en vir die her-ondersoek van karkasse in die koel- en vrieskamers.
- a) karkasse of dele van karkasse van minder as 100 lb. in gewig R0.30 elk
 - b) Karkasse of dele van karkasse van 100 lb gewig en swaarder R.50 elk
 - c) Ander goedere, per 100 lb gewig of gedeelte daarvan R0.20

INSPECTION FEES:

- For inspecting carcasses introduced from outside and for reinspecting carcasses in the chilling and freezing rooms.
- (a) Carcasses or portions of carcasses of less than 100 lbs. in weight R0.30
 - (b) Carcasses or portions of carcasses of 100 lbs. in weight and over R0.50
 - (c) Other goods, per 100 lbs. weight or portion thereof R0.20

ONTVANGS VAN DIERE BUIE NORMALE SLAG-PLAAS (Kyk paragraaf 20)

4. Vir elke dier 25c tot 'n maksimum bedrag van R10.50

RECEIPT OF ANIMALS OUTSIDE NORMAL ABATTOIR HOURS (See paragraph 20):

(4) 25c per animal up to a maximum amount of R10.50

UITREIKING VAN VLEIS EN AFVAL BUIE NORMALE URE:

Vir elke geleentheid wanneer koelkamers oopge-
naak moet word R0.50
per
uit-
gifte

ISSUE OF MEAT AND OFFAL OUTSIDE NORMAL HOURS.

For each occasion when coldrooms have to be
opened R0.50
per
issue

PERMITTE OM SLAGPLAAS BINNE TE GAAN:

Eerste uitreiking R0.50
Hernuwings R0.25

PERMITS TO ENTER THE ABATTOIR.

First issue R0.50
Renewals R0.25

VERWYDERING VAN BLOED:

Per gelling of gedeelte daarvan R0.10"

REMOVAL OF BLOOD:

Per gallon or portion thereof R0.10"

No. 53.]

[1 Mei 1970 No. 53.]

[1 May 1970

JAGREGULASIES VIR 1970.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) sy goedkeuring te heg aan die volgende regulasies betreffende die jag van wild gedurende die tydperk 1 Mei 1970 tot 30 April 1971.

1. Die tydperk waarin dit wettig sal wees om wild, buiten spesiaal beskermde en beskermde wild kragtens lisensie en onderhewig aan die bepalings van bogenoemde ordonnansie en hierdie regulasies te jag, strek vanaf 1 Junie 1970 tot 31 Julie 1970.
2. Die skriftelike toestemming van die eienaar of bewoner van die plaas waarop gejaag gaan word, moet getoon word alvorens 'n jaglisensie aan enigeen uitgereik word.
3. Roofvoëls wat as beskermde wild geklassifiseer is en wat op die werf skade aanrig kan gedurende die tydperk 1 Mei 1970 tot 30 April 1971 vryelik gejaag word.

Hierdie regulasies tree op 1 Mei 1970 in werking.

HUNTING REGULATIONS FOR 1970.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 4 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) to approve the following regulations on the hunting of game during the period from 1 May 1970 to 30 April 1971.

1. The period in which it will be lawful to hunt game, other than specially protected and protected game, under licence and subject to the provisions of the aforementioned ordinance and these regulations shall be from 1 June 1970 to 31 July 1970.
2. The written permission of the owner or occupier of the land where a hunt is to take place, shall be produced before any hunting licence is issued to any person.
3. Birds of prey, classified as game, which do damage on farm yards, may be hunted freely in the period 1 May 1970 to 30 April 1971.

These regulations shall take effect on 1 May 1970.

No. 54.]

[1 Mei 1970

No. 54.]

[1 May 1970

PROKLAMASIE OP INBOORLINGE IN STEDELIKE GEBIEDE, 1951 (PROKLAMASIE 56 VAN 1951 VAN SUIDWES-AFRIKA): AFSKAFFING EN VERWYDERING VAN OU LOKASIE, USAKOS.

Ek, PIETER GERHARDUS JACOBUS KOORNHOF, Adjunkminister van Bantoe-administrasie en -onderwys, gee hierby kennis, namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951 van Suidwes-Afrika), en na oorlegpleging met die betrokke stedelike plaaslike bestuur, van my voorneme om my goedkeuring te heg aan die afskaffing en verwydering van die Inboorlinglokasie omskryf by Goewermentskennisgewing 42 van 19 Februarie 1932 en geleë in die regsgebied van die Munisipaliteit van Usakos.

P. G. J. KOORNHOF,
Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie
en -onderwys.

NATIVES (URBAN AREAS) PROCLAMATION, 1951 (PROCLAMATION 56 OF 1951 OF SOUTH-WEST AFRICA): ABOLITION AND REMOVAL OF OLD LOCATION, USAKOS.

I, PIETER GERHARDUS JACOBUS KOORNHOF, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, hereby give notice, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development in terms of the powers vested in him by section 3 (4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951 of South-West Africa), and after consultation with the urban local authority concerned, of my intention to approve the abolition and removal of the Native location defined in Government Notice 42 dated 19 February, 1932 and situate in the area of jurisdiction of the Municipality of Usakos.

P. G. J. KOORNHOF,
Deputy Minister of Bantu Administration
and Education.

No. 55.]

[1 Mei 1970

No. 55.]

[1 May 1970

Dit het die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 32 (4) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951) (Suidwes-Afrika), gelees met artikel 3 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake in Suidwes-Afrika 1954 (Wet 56 van 1954), en artikel 2 van die Proklamasie op die Administrasie van Naturellesake in Suidwes-Afrika, 1958 (Proklamasie 119 van 1958), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van die regulasies uiteengesit in die Bylae hiervan, soos aanvaar deur die Munisipaliteit van Grootfontein.

The Minister of Bantu Administration and Development has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section 32 (4) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951) (South-West Africa), read with section 3 of the South-West Africa Bantu Affairs Administration Act, 1954 (Act 56 of 1954), and section 2 of the South West Africa Native Affairs Administration Proclamation, 1958 (Proclamation 119 of 1958), to approve the amendment of the regulations set out in the Schedule hereto, as adopted by the Municipality of Grootfontein.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VAN GROOTFONTEIN.

WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIE-
REGULASIES.

Die Inboorlinglokasieregulasies afgekondig by Goevermentskennisgewing 128 van 1 September 1964 word hierby as volg gewysig:—

Bylae V (Tarief van huur, gelde en vorderings) word gewysig deur:—

1. die volgende paragraaf na paragraaf 3 (a) (iii) in te voeg:—
 - „(iv) Seskamerwoning, gereserveer vir die skoolhoof, per maand of gedeelte van 'n maand — R7.00”;
2. na paragraaf 6 die volgende by te voeg:—
 - „7. Betaalbaar deur persone wat in besit is van 'n magtiging om 'n kraal te gebruik, per kraal per maand of gedeelte van 'n maand — 25c.”.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN.

AMENDMENT OF NATIVE LOCATION
REGULATIONS.

The Native Location Regulations published under Government Notice 128 dated 1 September 1964 are hereby amended as follows:—

Schedule V (Tariff of Rents, Fees and charges) is amended by:—

1. the insertion after paragraph 3 (a) (iii) of the following paragraph:—
 - “(iv) Six-roomed house, reserved for the school principal, per month or part of a month — R7.00”;
2. by the addition after paragraph 6 of the following:—
 - “7. Payable by persons who are in possession of an authority to use a kraal, per kraal per month or part of a month — 25c.”.

No. 56.]

[1 Mei 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingeolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 45 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) sy goedkeuring aan die onderstaande regulasies te heg.

PRIVATE WILDRESERWE WALVISBAAI.
REGULASIES.

1. In hierdie regulasies beteken —

- „Munisipaliteit” die Munisipaliteit van Walvisbaai;
- „Raad” die Raad van die Munisipaliteit;
- „stadsklerk” die stadsklerk van die Munisipaliteit en ook enige persoon wat in sy plek waarneem;
- „wildreserwe” die Private Wildreserwe Walvisbaai soos by Proklamasie 13 van 1969 as sodanig verklaar,

en het ander woorde en uitdrukkings die betekenis wat aaraan toegeken word in artikel 2 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967).

2. Hierdie regulasies geld slegs binne die grense en op sigte van die wildreserwe.

3. Die Raad pas hierdie regulasies toe en vir hierdie oel het elke amptenaar van die Raad die magte en bevoegdhede van 'n natuurbewaarder.

4. Behoudens andersluidende bepalinge van hierdie regulasies het die publiek vrye toegang tot die wildreserwe.

5. Niemand buiten 'n natuurbewaarder of 'n amptenaar soos bedoel in regulasie 3 mag sonder skriftelike toestemming van die stadsklerk:—

- (a) die wildreserwe tussen sonder van enige dag en sonop die volgende dag binnegaan nie;
- (b) verby die waarnemingspunt, soos deur die kennisgewing aangedui, gaan nie;
- (c) 'n voertuig op enige plek bestuur nie buiten op 'n pad wat deur 'n wegwysers aangedui is;
- (d) foto's of films vir kommersiële doeleindes neem of van voorsitkerms gebruik maak nie;

No. 56.]

[1 May 1970

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section 45 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) to approve the undermentioned regulations.

WALVIS BAY PRIVATE GAME RESERVE.
REGULATIONS.

1. In these regulations —

- “Municipality” means the Municipality of Walvis Bay;
- “Council” means the Council of the Municipality;
- “town clerk” means the town clerk of the Municipality, and also any person acting in his stead;
- “game reserve” means the Walvis Bay Private Game Reserve, as declared to be such by Proclamation 13 of 1969,

and all other words and expressions shall have the meaning assigned thereto in section 2 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967).

2. These regulations shall obtain only within the boundaries and in respect of the game reserve.

3. The Council shall enforce these regulations and for this purpose every officer of the Council shall have the powers of a nature conservator.

4. Save as is otherwise provided in these regulations, the public shall have unrestricted access to the game reserve.

5. Except with the town clerk's written permission no person save a nature conservator or an officer as mentioned in regulation 3 shall:—

- (a) enter the game park between sunset of any day and sunrise the following day;
- (b) proceed beyond the observation post, as indicated by the notice;
- (c) drive a vehicle in a place other than on a road indicated by a sign post;
- (d) take photos or films for commercial purposes or make use of blinds or hides;

(e) bome, plante, struik, voëlers of voorwerpe van biologiese, geologiese, geskiedkundige of etnologiese waarde versamel, verwyder of versteur nie.

6. Niemand onder die ouderdom van 16 jaar mag die wildreserwe binnegaan nie tensy so iemand vergesel word deur en onder die toesig is van 'n volwassene.

7. Niemand mag in die wildreserwe —

- (a) vinniger as 20 myl per uur ry nie, of ry of parkeer tot ongerief van ander nie;
- (b) brandende of smeulende voorwerpe of voorwerpe wat moontlik 'n brand kan veroorsaak weggooi nie of op 'n plek plaas waar dit moontlik 'n brand kan stig nie;
- (c) enige padteken, kennisgewing, boom, plant, struik, kruid of enige ander voorwerp hoegenaamd skend of beskadig nie;
- (d) enige afval of vullis hoegenaamd weggooi nie buiten in die opgaarblikke wat vir die doel voorsien word;
- (e) te eniger tyd 'n geraas maak, of toelaat dat 'n geraas gemaak word, wat andere of wilde diere of voëls kan steur nie, of enigiets doen of toelaat wat moontlik 'n oorlas, belemmering of hindernis vir andere kan wees nie;
- (f) kampeer of vuurmaak nie;
- (g) alkoholiese drank in besit hê of gebruik of onder die invloed van drank verkeer nie;
- (h) aan sy natuurlike behoeftes voldien nie buiten in plekke wat daarvoor aangewys is.

8. Niemand mag enige dier of voël in die wildreserwe inbring, injaag of laat ingaan nie.

9. Buiten 'n natuurbewaarder op diens, of 'n amptenaar soos bedoel in regulasie 3 mag niemand sonder die stadsklerk se skriftelike toestemming —

- (a) enige pyl en boog, strik, val, slinger, rekker, windbuks of vuurwapen in die wildreserwe inbring of daarbinne in sy besit hê nie;
- (b) enige wilde dier of voël in die wildreserwe dood, beseer of steur nie, of poog om 'n wilde dier of voël in die wildreserwe te dood, beseer of steur nie.

10. Die stadsklerk kan enigiemand behalwe 'n natuurbewaarder wat amptelik optree, belet om die wildreserwe binne te gaan.

11. Die Raad is nie verantwoordelik vir enige besering, skade of verlies wat enigiemand in die wildreserwe opdoen nie.

12. Niemand mag weier of nalaat om 'n wettige bevel of opdrag van 'n natuurbewaarder of 'n amptenaar soos bedoel in regulasie 3 te gehoorsaam nie, of sodanige natuurbewaarder of amptenaar in die uitvoering van sy pligte hinder nie.

13. Elkeen wat enige bepaling van hierdie regulasies oortree is skuldig aan 'n misdryf, en is by skuldigebevinding onderhewig aan die strawwe uiteengesit in artikel 46 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967).

(e) collect, remove or disturb trees, plants, shrubs, birds' eggs or objects of biological, geological, historical or ethnological value.

6. No person under the age of 16 years may enter the game park unless he is accompanied by or in the charge of an adult.

7. No person shall, in the game park —

- (a) drive faster than 20 miles per hour, or drive or park to the inconvenience of others;
- (b) throw away burning or smouldering objects or objects which may possibly cause a fire, or leave them at a place where they may possibly cause a fire;
- (c) mutilate or damage any road sign, notice, tree, plant, shrub, herb, or any other object whatever;
- (d) deposit any refuse or rubbish whatever anywhere except in the containers provided there for that purpose;
- (e) at any time make a noise, or cause a noise to be made, which may disturb any other person or wild animals or birds, or do or allow anything which may constitute a nuisance, obstruction or hindrance to others;
- (f) camp out or kindle a fire;
- (g) be in possession of alcoholic beverages or consume such beverages, or be under the influence of liquor;
- (h) relieve himself anywhere except in the places provided therefore.

8. No person shall bring, drive or cause to be driven, any animal or bird into the game park.

9. Except with the town clerk's written permission, no person save a nature conservator on duty, or an officer as mentioned in regulation 3, shall —

- (a) bring any bow and arrow, snare, trap, sling, catapult, air-gun or fire-arm into the game park, or be in possession thereof in such game park;
- (b) kill, injure or disturb any wild animal or bird in the game park, or attempt to kill, injure or disturb any wild animal or bird in the game park.

10. The town clerk may forbid any person, with the exception of a nature conservator acting officially, to enter the game park.

11. The Council shall not be responsible for any injury, damage or loss which any person may suffer in the game park.

12. No person shall refuse or neglect to obey a lawful order or instruction of a nature conservator or an officer as mentioned in regulation 3, or hinder such nature conservator or officer in the execution of his duties.

13. Any person who contravenes any provision of these regulations shall be guilty of an offence and shall, on conviction, be liable to the penalties set out in section 46 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967).

No. 57.]

[1 Mei 1970

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS.

PERSONEELREGULASIES.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 244 (3) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) goed te keur dat die Munisipale Modelpersoneelregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing 10 van 1970 op die Munisipaliteit van Gobabis van toepassing gemaak word.

No. 57.]

[1 May 1970

MUNICIPALITY OF GOBABIS.

STAFF REGULATIONS.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 244 (3) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve that the Municipal Model Staff Regulations published under Government Notice 119 of 1969 as amended by Government Notice 10 of 1970 be applied to the Municipality of Gobabis.

No. 58.]

[1 Mei 1970

No. 58.]

[1 May 1970

Dit behaag die Administrateur om ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies.

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.
FINANSIELEREGULASIES.

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken

- (i) „departement” ’n departement van die Munisipaliteit met een van die hoofde van ’n departement of die adjunk-stadsklerk in bevel daarvan na gelang van die geval;
- (ii) „Bestuurskomitee” die Bestuurskomitee van die Munisipaliteit;
- (iii) „Munisipaliteit” die Munisipaliteit van Windhoek;
- (iv) „ordonnansie” die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963);
- (v) „Raad” die Raad van die Munisipaliteit van Windhoek;
- (vi) „magasynmeester” die magasynmeester van die Raad of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger;
- (vii) „stadsklerk” die stadsklerk van die Raad of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger;
- (viii) „stadstesourier” die stadstesourier van die raad of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger;

en enige ander woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die ordonnansie toegeken is, het daardie betekenis.

BEGROTING.

2. Die jaarlikse begroting van die Raad se inkomstes en uitgawes en die kapitaalrekening word opgestel in die vorm wat die bestuurskomitee van tyd tot tyd voorskryf.

3. Die stadstesourier verstrek nie later nie as 15 Februarie van elke jaar aan elke hoof van ’n departement en die adjunk-stadsklerk die finansiële gegewens wat vir die voorbereiding van ’n konsepbegroting vereis word ten opsigte van die Inkomsterekening en die Kapitaalbegroting vir die komende boekjaar en nie later nie as 31 Maart van elke jaar lê die hoof van elke departement en die adjunk-stadsklerk sy departement se konsepbegroting aan die stadstesourier voor.

4. Die konsepbegrotings van alle departemente word deur die stadstesourier saamgevat en opgesom en indien nodig in oorleg met die betrokke hoof van ’n departement of die adjunk-stadsklerk gewysig. Die konsepbegroting net sy aanbevelings moet deur die stadstesourier voor Mei by die stadsklerk ingedien word vir voorlegging aan die Bestuurskomitee voor of op 15 Mei in elke jaar.

5. Die Bestuurskomitee oorweeg die konsepbegroting en wysig dit soos hy dit nodig ag, ooreenkomstig artikel 59 (3) van die ordonnansie voordat dit aan die Raad vir goedkeuring voorgelê word.

UITGAWES.

6. (1) Die stadstesourier moet elke hoof van ’n departement en die adjunk-stadsklerk van ’n kwartaalstaat van uitgawes en inkomste op die poste van die begroting onder sy beheer voorsien.

(2) As die werklike uitgawe op enige begrotingspos die oorspronklike of hersiene beraamde syfers met meer

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, to approve the following regulations:

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.
FINANCIAL REGULATIONS.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

- (i) “department” means a department of the Municipality with one of the heads of department or the deputy town clerk in charge of it according to circumstances;
- (ii) “Management Committee” means the management committee of the Municipality;
- (iii) “Municipality” means the Municipality of Windhoek;
- (iv) “ordinance” means the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963);
- (v) “Council” means the Council of the Municipality of Windhoek;
- (vi) “storekeeper” means the storekeeper of the Council or his duly authorised substitute;
- (vii) “town clerk” means the town clerk of the Council or his duly authorised substitute;
- (viii) “town treasurer” means the town treasurer of the Council or his duly authorised substitute;

and other words and expressions have the same meaning as those assigned to them in the ordinance.

ESTIMATES.

2. The annual estimates of the Council's revenue and expenditure and the capital account shall be drawn up in the form prescribed by the Management Committee from time to time.

3. Not later than 15 February of every year the town treasurer shall furnish each head of a department and the deputy town clerk with the financial data required for the preparation of a draft estimate on the Revenue Account and the Capital Account for the ensuing financial year and not later than 31 March of every year each head of a department and the deputy town clerk shall submit to the town treasurer the draft estimate in respect of his department.

4. The draft estimates of all departments shall be collected and summarised by the town treasurer and amended, if necessary, in consultation with the head of department concerned or the deputy town clerk. The draft estimates shall be furnished by the town treasurer with his recommendations to the town clerk before 1 May for submission to the Management Committee on or before 15 May of every year.

5. The Management Committee shall consider the draft estimates and may amend it in any way deemed necessary by it in accordance with section 159 (3) of the ordinance before its submission to the Council for approval.

EXPENDITURE.

6. (1) The town treasurer shall furnish each head of a department and the deputy town clerk quarterly with a statement of the expenditure and revenue in respect of the votes under his control.

(2) Where the actual expenditure on any vote of the estimates exceeds or possibly will exceed the original or

as 10% oorskry, of moontlik sal oorskry, of as uitgawes gedurende enige boekjaar aangegaan word waarvoor nie in die goedgekeurde begroting voorsiening gemaak is nie, of waar die werklike inkomste meer as 10% laer as die beraamde syfer is of moontlik sal wees, moet die betrokke hoof van die betrokke departement of die adjunk-stadsklerk 'n volledige verslag oor die omstandighede van die geval by die stadstoesourier indien vir voorlegging aan die Bestuurskomitee deur bemiddeling van die stadsklerk.

(3) Die Bestuurskomitee oorweeg die verslag bedoel in subregulasie (2) tesame met verslae van die stadstoesourier en stadsklerk daaromtrent en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

BEHEER VAN UITGAWES.

7. (1) Onderworpe aan die Raad se Tenderregulasies en artikel 225 van die ordonnansie kan die stadsklerk, 'n hoof van 'n betrokke departement of die adjunk-stadsklerk enige werk of skema wat beraam is om nie meer as R1000 te kos nie, of enige aankoop of onttrekking van 'n saak uit voorraad met 'n waarde van nie meer as R600 nie, magtig, mits sodanige uitgawe in die goedgekeurde begroting voorsien is.

(2) 'n Hoof van 'n departement of die adjunk-stadsklerk beveel nie die uitvoering van werk of 'n skema wat volgens beraming meer as R1,000 sal kos, by die Bestuurskomitee aan nie, tensy hy skriftelik verslag doen oor —

- (a) die totale beraamde koste met volledige ontleding daarvan en van die dienste wat daarby aangepas moet word of indirek daarby betrokke sal wees by voltooiing van die werk of skema;
- (b) die beraamde kapitaalbedrag wat jaarliks in verband met die werk of skema nodig sal wees;
- (c) die beraamde jaarlikse inkomste en uitgawe wat by die ingebruikstelling van die werk of skema verkry of bestee sal word, met inbegrip van uitgawe ten opsigte van personeel of enige ander saak wat deur die stadstoesourier vereis word.

(3) Die Bestuurskomitee oorweeg nie 'n aanbeveling ooreenkomstig subregulasie (2) nie tensy die stadstoesourier verslag gedoen het oor die beskikbaarheid van geld.

(4) Nadat die Bestuurskomitee magtiging vir die uitvoering van die voorgestelde werk of skema verleen soos in subregulasie (2) bedoel word, kan die hoof van 'n betrokke departement of die adjunk-stadsklerk, behoudens die Raad se tenderregulasies, uitgawes op sodanige werk of skema magtig wat nie die goedgekeurde kosteberaming mag oorskry nie: Met dien verstande dat die hoof van 'n betrokke departement of adjunk-stadsklerk op elke rekwisisie of werksbestelling in verband met sodanige werk of skema, die uitgawepos, subhoof en item van die goedgekeurde begroting en die magtiging vir sodanige werk of skema ingevolge hierdie regulasie moet aanhaal.

(5) As werk aan enige werke of skema wat ingevolge subregulasie (4) goedgekeur is, voltooi of gestaak word, rapporteer die hoof van 'n betrokke departement of die adjunk-stadsklerk onverwyld sodanige voltooiing of staking aan die stadsklerk deur bemiddeling van die stadstoesourier.

